VAN DIE SUSTERS

JAAR-EIND-KUIER

Die Sustersbestuur nooi ons lidmate en vriende uit na ons ***JAAR-EIND-KUIER*** op Saterdag-oggend **30 November 2024 om 10:30** in ons saal. Op die program is gesellige saamkuier, 'n ligte musiekprogram en tee/koffie en verversings. Lidmate word vriendelik versoek om 'n bordjie eetgoed saam te bring. **Daar is 'n lys in die saal** en lidmate word versoek om name daarop in te vul. So weet die Susters om vir die regte getal gaste voor te berei.

Hartlike Sustersgroete

Dankoffer-bydrae en kollektes se inbetalings

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

Navrae: info@rgta.org.za



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 36 Sondag 10 November 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 9 **Harm Stavast** en Wyk 10 **Frans Coetsee**
Diakens: Wyk 9 en Wyk 10 is **vakant**
Skinkbeurt: Wyksusters 9 & 10. Leana Mostert, Mabel Glöy

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: VOORBEREIDINGSDIENS
Woordbediening: 1 Samuel 18:1-16.
Fokusverse: 1 Samuel 18: 12.
TEMA: *Wanneer die HERE van 'n mens wyk, word die lewe 'n angservaring; wanneer Hy by jou ís, is die lewe seënryk.*
Sing: Psalm 16: 1, 2, 5; Psalm 40: 2, 6, 8; Psalm 51: 5; Psalm 23: 1, 2; Skrifberyming 18-5:1, 2, 3, 4 (23); Psalm 34: 4, 7, 8.

AAND: Woordbediening: Esegiël 16:1-14.
Fokusverse: Esegiël 16:4-7a.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, paragraaf 9; VD 1:3; 1:4.
TEMA: *God se verkiesing is die fontein van lewe en sieraad.*
Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2; Psalm 36:2, 3; Skrifberyming 1-1: 1, 2 (24); Skrifberyming 2-4: 1, 3 (33}.

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir ***Geopende deure***
(Spesiale kollekte volgende week: ***Bybelverspreiding*****)**

GEOPENDE DEURE Ons verwelkom vanoggend Johan Kruger van *Geopende Deure* wat ná die erediens en afkondigings 'n kort aanbieding van 15 minute sal lewer oor die werk wat *Geopende Deure* doen. Die kollekte in die rooi sakkies word ook vanoggend afgesonder vir die werk van *Geopende Deure*. Hartlik welkom, Johan! Ons bid u en die span by *Geopende Deure* die seën ons Here op u koninkrykswerk toe.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Elza Knop het onlangs geval en twee van haar ribbebene gebreek. Sy is op bedrus geplaas. Ons is dankbaar dat sy kan getuig van beterskap en bid haar volkome genesing toe.

Japie van Jaarsveld is Vrydag in die Klerksdorp Hospitaal opgeneem waar hy 'n prosedure oor die naweek sou ondergaan. Ons verseker hom en Christa van ons voorbidding vir hulle.

Pieter Bouwsema ondergaan op 13 en op 20 November prosedures aan sy oë. Ons verseker Pieter van ons voorbidding vir hierdie twee prosedures.

Magda Pelser-van der Merwe het vroeër die week 'n noodafspraak by die oftalmoloog gemaak nadat daar komplikasies ingetree het. Ons verseker Magda van ons voorbidding. Mag die behandeling vir u tot lewenskwaliteit lei. .

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Jeanette Fourie het sodanig herstel dat die verwagting daar is dat sy oor die naweek uit die Multisorg Hospitaal ontslaan kan word en kan terugkeer na Huis Anna Viljoen.

Hendra Bouwsema het die afgelope week 'n opvolg-besoek by die onkoloog gehad. Ons is saam met Hendra en haar geliefdes baie dankbaar dat sy nou vir 10 jaar in remissie.

Hierdie tyd van die jaar is 'n tyd waar ons saam met verbondsouers en hulle kinders ook diep dankbaar teenoor ons hemelse Vader kan wees vir die seën wat Hy gegee het op verbondskinders se akademiese vordering. Ons is saam met elke dooplidmaat wat by die onderskeie skole se erkennings- of bekroningsfunksies toekennings ontvang het, baie dankbaar.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	10/11	09:30	**VOORBEREIDINGSDIENS**	
			Geopende Deure aanbieding (15 minute)	Kerkgebou
		16:00	Diakensvergadering voor aanddiens	Konsistorie
		19:00	Vergadering: ouderlinge met diakens	Kerkgebou
			Ouderlingeverslagvergadering	Kerkgebou
Di	12/11	15:00	Bybelstudie – Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
		18:00	Vergadering (Nagmaal Eikelaan)	Konsistorie
Wo	13/11	18:00	Bybelstudie – Markus (Studie 5)	Konsistorie
So	17/11	09:30	**NAGMAAL** en Gemeente-ete	Kerkgebou
Di	19/11	18:00	Klassisvergadering (eksaminering)	GK Potch-Oos
Vr	22/11	17:30	Gemeente-aand en Hamburgerbraai	Kerkterrein
So	24/11	10:30	Kersprogram	Kerkgebou
Sa	30/11	10:30	*JAAR-EIND-KUIER*	Kerksaal

KATKISASIE	**Sondag 10 November**
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 28 Skrifberym. 10 - 2 Hersiening Eksodus 20: 17
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 5 & 6: Wyk 9 Graad 7: Wyk 10
Hoërskoolkatkisasie	Les 22

Ons katkisasiewerksaamhede sluit DV vandag af. Ons bid ons dooplidmate die seën van die Here toe op hulle voorbereidings vir assesserings en eksamens. Mag ons hemelse Vader die mooi gawes wat Hy aan julle gegee het, bekroon met goeie uitslae tot eer van sy Naam!

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG 12 November om 15:00

Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal welkom.

– WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE

U word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdag-aande om 18:00 in die konsistorie. Die boekie van prof. Jorrie Jordaan, *"Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament"*, word behandel. Op **12 November sal Studie 5** van die Markusevangelie behandel word.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!
Maandag 11 November is **Nico en Sarie Spaumer 57 jaar getroud** en Dinsdag 12 November is **Pieter en Brechtje Jooste** wat **13 jaar** getroud is.
Baie hartlik geluk aan die twee egpare.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	10/11	**Saartjie Badenhorst,**. Wyk 9
Ma	11/11	**Piet Aartsma,**. Wyk 2
Wo	13/11	**Fanie Coetzee,** Wyk 14
Vr	15/11	**Johan Coetzee,**. Wyk 2
		Marian Roscher,. Wyk 1

Bede met meelewing Psalm 34: 4, 7 en 8

VIERING VAN DIE NAGMAAL: HUIS EIKELAAN

Die Kerkraad het vroeg in September 'n kommissie-aanbeveling aanvaar dat daar lidmate (en hulle gades) vir wie dit fisies onmoonlik is vanweë verswakking en gesondheid om nié die Nagmaalsviering in die kerkgbou by te woon nie,'n Nagmaalsviering by Huis Eikelaan gereël word. Lidmate in Huis Anna Viljoen en Groenwilgers sal deur die wyksouderlinge of –diakens ook, indien dit moontlik is, na hierdie Nagmaalsviering gebring word. Die kommissie en Kerkraad beklemtoon dat hiérdie viering van die Nagmaal nie gesien moet word as 'n alternatief tot die Nagmaalsviering op Sondag 17 November nie.

Die Nagmaalsviering sal op **Woensdag 20 November 2024** om **15:00** in die Rooi Sitkamer plaasvind.

Ouderlinge en diakens wat lidmate in die onderskeie tehuise bedien, word versoek om **Dinsdagaand 12 November** om **18:00** 'n vergadering in die konsistorie by te woon om die praktiese bediening te bespreek.

UITNODIGING

U word hiermee hartlik uitgenooi na die Nagmaalete
Sondag 17 November om 12:00.
Die spyskaart is: frikkadelle, hoenderstukkies, knoffelaartappels, patatrolle, slaaie (susters) en roomys en vrugteslaai
Die versoek is dat die lidmate wat die ete gaan bywoon soos in die verlede, 'n koue slaai saambring om met die res van die gemeente te deel.
Geen koste per persoon, maar donasies is welkom.
Besprekings by Pieter Bouwsema 082 923 1384 of Malie Wyma 018 294 4600 teen Donderdag 14 November.

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 9 en 10 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet